


You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexampapers.co.za](http://www.saexampapers.co.za)

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## FEBRUARIE/MAART 2015

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 vrae. Beantwoord slegs NEGE vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Bestaan uit VYF vrae. (VRAAG 1 tot 5)
   Let daarop dat jy 'n keuse het tussen VRAAG 4 en VRAAG 5 in hierdie afdeling. Indien jy beide vrae beantwoord, sal slegs die eerste vraag wat beantwoord is, nagesien word.

   AFDELING B: Bestaan uit SES vrae. (VRAAG 6 tot 11)
   Let daarop dat jy 'n keuse het tussen VRAAG 10 en VRAAG 11 in hierdie afdeling. Indien jy beide vrae beantwoord, sal slegs die eerste vraag wat beantwoord is, nagesien word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees elke vraag aandagtig deur en let op na wat vereis word. Antwoord in volsinne behalwe waar eenwoord-antwoorde vereis word.

5. Jy mag rofwerk in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

6. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
   - Goeie Afrikaans te gebruik (skryf slegs in een taal)
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat te gebruik wat in bepaalde vrae vereis word
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir puntetoekenning en tydindeling wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| A: Veilige Danspraktyk en Gesondheidsorg (Keuse tussen VRAAG 4 en 5) | 1 | 10 | 60 |
| | 2 | 6 | |
| | 3 | 11 | |
| | 4 | 13 | |
| | 5 | 13 | |
| B: Dansgeskiedenis en Geletterdheid (Keuse tussen VRAAG 10 en 11) | 6 | 5 | 120 |
| | 7 | 10 | |
| | 8 | 12 | |
| | 9 | 18 | |
| | 10 | 18 | |
| | 11 | 15 | |
| | **TOTAAL** | **100** | **180** |

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1: VERSORGING VAN VOETE, VEILIGE LANDINGS EN BESERINGS

1.1 Tydens dans word die voete baie gebruik. Beskryf hoe dansers hulle voete spesiaal moet versorg, met verwysing na die volgende:

1.1.1 Voethigiëne (1)

1.1.2 Blase/Krake/Vel wat bars of skeur (1)

1.1.3 Sweterige voete (1)

1.1.4 Toonnaels (1)

1.2 Skryf 'n paragraaf (ten minste 60 woorde) om te verduidelik wat met *veilige landings* bedoel word. (3)

1.3 Verduidelik DRIE maniere om skeenbeensplinters ('shin splints') te voorkom en te behandel. (½ x 6) (3)
**[10]**

### VRAAG 2: POSTUUR EN BELYNING

2.1 Gee 'n goeie verduideliking aan 'n nuwe dansleerder wat *goeie postuur en belyning* is. (3)

2.2 Wat is die voordele van goeie postuur en belyning vir 'n danser? (3)

2.3 Waarom is kinestetiese bewustheid noodsaaklik vir 'n danser se prestasie? Ondersteun jou antwoord met VIER relevante redes. (4)
**[10]**

### VRAAG 3: FIKSHEIDSKOMPONENTE

3.1 Gee 'n duidelike definisie van die term *neuromuskulêre vaardighede*. (1)

3.2 Gee 'n duidelike beskrywing van TWEE maniere waarop 'n danser neuromuskulêre vaardighede (motoriese fiksheid) in die dansklas kan ontwikkel. (4)

3.3 Verduidelik die TWEE tipes uithouvermoë wat 'n danser in die dansklas nodig het. (2)

3.4 Evalueer hoe 'n danser op 'n veilige manier spierkrag in die dansklas kan ontwikkel. Gee DRIE voorbeelde. (3)
**[10]**

**LET WEL: Jy het 'n keuse tussen VRAAG 4 en VRAAG 5. Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.**

## VRAAG 4: VEILIGE DANSPRAKTYK EN BESERINGS

4.1 Aan watter vereistes moet 'n dansomgewing voldoen om te voorkom dat dansers beseer word? Noem VIER vereistes en gee 'n rede vir elke keuse. (4)

4.2 Waarom is dit belangrik om 'n begrip van veilige danspraktyke te hê? Gee DRIE voorbeelde en ook hoe dit jou dansopleiding sal beïnvloed. (3)

4.3 Na jou mening, wat moet 'n gebalanseerde praktiese dansklas insluit? Regverdig jou antwoord. (Skryf 'n paragraaf van ten minste 60 woorde.) (3)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 5: SPIERE EN AKSIES

5.1 Benoem die spiere/spiergroepe **A** tot **F** in die prentjie hieronder. Noem EEN hoof anatomiese aksie van elke spier/spiergroep. (6)

5.2 Watter anatomiese aksie vind in **G**, die danser se linkerknie, plaas? (½)

5.3 Watter anatomiese aksie vind in **H**, die danser se regterknie, plaas? (½)

5.4 Watter spiere moet gestrek word as 'n danser uitdraai ('turnout') (eksterne rotasie) in die heupgewrig wil verbeter? (3)
**[10]**







[Bron: www.medicalsciencenavigator.com]

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID

### VRAAG 6: IMPROVISASIE EN KOMPOSISIE

Jy het sommige van die volgende danselemente en -terme tydens jou improvisasie- en komposisielesse ondersoek.

6.1 Definieer die element *ruimte* en verduidelik hoe dit gebruik kan word om danskomposisies interessanter te maak. (2)

6.2 Definieer die element *tyd* en noem 'n paar van die aspekte wat 'n danskomposisie beïnvloed. (2)

6.3 Hoe dra die element *krag/dryfkrag* tot die dinamiek in 'n danskomposisie by? (1)
**[5]**

### VRAAG 7: GEMEENSKAPSCHOREOGRAFIEPROJEK

Jy beplan 'n dansopvoering in 'n gebied waar die plaaslike gemeenskap hoë vlakke van kriminele aktiwiteit ondervind.

7.1 Kies EEN tema wat spesifiek die kinders in hierdie gebied beïnvloed en gee 'n naam aan jou projek. Wat sal jy met hierdie opvoering probeer bereik en wat sal jou sleutelboodskap wees? (2)

7.2 Verduidelik VIER belangrike stappe wat jy sal volg om inligting en idees in te samel om jou voor te berei om jou gekose tema aan te pak. Ondersteun jou antwoord met relevante redes. (4)

7.3 Noem VYF noodsaaklike bronne wat jy vir hierdie projek nodig het. (5)

7.4 Hoe sal jy die belangrike gemeenskaprolspelers en -organisasies hieronder betrek? Kies VYF:

- Polisiediens
- Plaaslike besighede
- Plaaslike munisipaliteit
- Plaaslike godsdiensorganisasies
- Departement van Welsyn of maatskaplike werkers
- Plaaslike pers/media
- Plaaslike kunstenaars/dansers/musikante/dekorontwerpers

(5)

7.5 Hoe sal jy hierdie tema deur beweging kommunikeer? Gee 'n gedetailleerde beskrywing van wat jou dansopvoering sal behels. (Skryf 'n paragraaf van ten minste 80 woorde.) (4)

*Beplan jou projek rofweg voordat jy jou finale antwoord neerskryf. Trek 'n streep deur alle werk in jou antwoordeboek wat NIE nagesien moet word NIE.* **[20]**

## VRAAG 8: MUSIEKELEMENTE EN MUSIKALITEIT

8.1 Definieer die volgende musiekelemente:

8.1.1 Tempo (1)
8.1.2 Toonhoogte (1)
8.1.3 Poliritme (1)

8.2 Wat is *musikaliteit* en hoe kan dit in die dansklas ontwikkel word? (2)
**[5]**

## VRAAG 9: SUID-AFRIKAANSE DANSWERK

Kies 'n danswerk waarna jy al gekyk het uit die lys hieronder en gee die volgende inligting:

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | SUID-AFRIKAANSE DANSWERKE |
|---|---|
| Alfred Hinkel | *Last Dance (Bolero)*<br>*I am Cinnamon*<br>*Rain in a Dead Man's Footprints*<br>*Cargo* |
| Carolyn Holden | *Imagenes* |
| Dada Masilo | *Swan Lake*<br>*Romeo and Juliet* |
| Gary Gordon | *Bessie's Head* |
| Gregory Maqoma | *Beauty Trilogy*<br>*Skeleton Dry*<br>*Somehow Delightful*<br>*Four Seasons* |
| Hazel Acosta | *Blood Wedding* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld*<br>*Carmen* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |

9.1 Gee die naam van die danswerk en die choreograaf wat jy gekies het.

9.2 Gee die naam van die komponis/kunstenaar van die musiek/begeleiding wat gebruik is. (1)

9.3 Wie het hierdie werk opgevoer en watter dansgenre(s) is gebruik? (2)

9.4 Watter idees/temas wou die choreograaf met hierdie werk oordra? (3)

9.5 Verduidelik in besonderhede hoe die kostuums in hierdie danswerk gebruik is en lewer kommentaar op hoe effektief dit die danswerk versterk het. (4)

Kopiereg voorbehou 

9.6 Hoe het die choreograaf verhoogwerk, bewegingstyl en danswoordeskat in hierdie danswerk gebruik? (4)

9.7 Noem TWEE van die choreografiese strukture wat gebruik is om die bedoeling/tema te kommunikeer. Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse uit die danswerk. (2)
**[16]**

**LET WEL: Jy het 'n keuse tussen VRAAG 10 en VRAAG 11. Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.**

**VRAAG 10: VERGELYKING VAN INTERNASIONALE EN SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE**

Kies EEN internasionale en EEN Suid-Afrikaanse choreograaf uit die lys hieronder.

| **SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE** | **INTERNASIONALE CHOREOGRAWE** |
|---|---|
| Alfred Hinkel | Alvin Ailey |
| Carolyn Holden | Christopher Bruce |
| Dada Masilo | William Forsythe |
| Gary Gordon | George Balanchine |
| Gregory Maqoma | Jiri Kylian |
| Hazel Acosta | Martha Graham |
| Mavis Becker | Matthew Bourne |
| Sylvia Glasser | Mats Ek |
| Veronica Paeper | Pina Bausch |
| Vincent Mantsoe | Rudi van Dantzig |

Vergelyk die TWEE choreograwe wat jy uit die lys gekies het met betrekking tot die volgende:

10.1 Noem die TWEE choreograwe wat jy gekies het.

10.2 Beskryf in hooftrekke die vroeë opleiding en agtergrond van hierdie twee choreograwe en hoe dit hulle professionele loopbane kon beïnvloed het. (2 + 2) (4)

10.3 Bespreek TWEE ooreenkomste/verskille tussen hierdie twee choreograwe se dansstyle. (4)

10.4 Brei uit op DRIE bydraes wat elk van hierdie choreograwe tot dans gemaak het. (3 + 3) (6)
**[14]**

**OF**

## VRAAG 11: ALFRED HINKEL

Beantwoord die radio-onderhoudvrae hieronder asof jy die choreograaf Alfred Hinkel is.

11.1 Mnr. Hinkel, vertel ons waar jy gebore is en oor jou vroeë dansopleiding. (4)

11.2 Mnr. Hinkel, jy het 'n reputasie vir jou unieke onderrigmetodes. Vertel ons wat jou metodes beïnvloed het. (4)

11.3 Mnr. Hinkel, kan jy ons vertel oor jou loopbaan as choreograaf en as die direkteur van die Jazzart-dansteater? (4)

11.4 Mnr. Hinkel, wat sou jy sê is jou grootste bydrae tot dans in Suid-Afrika voor en nadat dit 'n demokratiese land geword het? (2)
**[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou